

Hoofstuk D4

UITBREIDING VAN SEKERHEID VAN VERBLYFREG

Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg 62 van 1997

het op 28 November 1997 in werking getree.

1. DOEL VAN DIE WET

Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir -

- ▶ maatreëls om langtermyn-sekerheid van verblyfreg op grond met Staatshulp te fasiliteer;
- ▶ om die voorwaardes van verblyf op sekere grond te reël;
- ▶ om die voorwaardes waarop en omstandighede waaronder persone se reg om op grond te woon, beëindig kan word, te reël;
- ▶ om die voorwaardes waarop en die omstandighede waaronder persone wie se verblyfreg beëindig is, vanaf grond uitgesit kan word, te reël; en
- ▶ om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

1.1 Woordomsrywings - Artikel 1

"beëindig" beteken ook om toestemming aan 'n persoon om grond te okkupeer of te gebruik, in te trek.

"buite-terrein ontwikkeling" beteken 'n ontwikkeling wat aan die okkupeerders daarvan 'n onafhanklike verblyfreg bied op grond wat deur iemand anders as die eienaar van die grond waarop hulle onmiddellik voor sodanige ontwikkeling gewoon het, besit word.

"eienaar" beteken die eienaar van die grond ten tyde van die betrokke handeling, late of optrede en, met betrekking tot die beoogde beëindiging van 'n verblyfreg deur 'n houer van mineraalregte, ook sodanige houer in soverre sodanige houer ingevolge 'n wet geregtig is om 'n verblyfreg of enige verwante regte ten opsigte van sodanige grond te verleen of te beëindig, of om 'n persoon wat sodanige grond okkupeer, uit te sit.

"geskikte alternatiewe akkommodasie" beteken alternatiewe akkommodasie wat veilig en in die algemeen nie minder gunstig as die okkupeerders se vorige posisie is nie, met inagneming van die woonakkommodasie en grond vir

landbougebruik wat voor uitsetting aan hulle beskikbaar was, en geskik is met inagneming van -

- (a) die redelike behoeftes van al die okkupeerders in die betrokke huishouding vir woonakkommodasie, grond vir landbougebruik en dienste;
- (b) hulle gesamentlike verdienstelikhedsvermoëns; en
- (c) die behoefte om naby werksgedeeltes of ander ekonomiese aktiwiteite te woon indien hulle beoog om ekonomies aktief te wees.

"gevestigde praktyk" beteken 'n praktyk ingevolge waarvan die eienaar of persoon in beheer of sy of haar voorganger in titel reëlmatig aan persone woonagtig op die grond toestemming verleen het om afgestorwe lede van hulle familie op daardie grond in ooreenstemming met hulle godsdiens of kulturele oortuiging te begrawe.

"okkupeerder" beteken 'n persoon wat woon op grond wat aan 'n ander persoon behoort en wat beskik oor, of op 4 Februarie 1997 of daarna beskik het oor, toestemming of 'n ander regsgeldige reg om so te doen, maar uitgesluit-

- (a) 'n persoon wat die betrokke grond hoofsaaklik vir industriële, myn-, kommersiële of kommersiële boerderydoeleindes gebruik of beoog om dit aldus te gebruik, maar nie ook 'n persoon wat self die grond bewerk nie en geen persoon wat nie 'n lid van sy of haar familie is in diens het of neem nie; en
- (b) 'n persoon met 'n inkomste hoër as R5,000 per maand.

"persoon in beheer" beteken 'n persoon wat ten tyde van die betrokke handeling, late of optrede, regsbevoegdheid het om toestemming aan 'n persoon te verleen om op die betrokke grond te woon.

"toestemming" beteken die uitdruklike of stilswyende toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die betrokke grond, en met betrekking tot 'n beoogde beëindiging van die verblyfreg of uitsetting deur 'n houer van mineraalregte, ook die uitdruklike of stilswyende toestemming van sodanige houer.

"uitsit" beteken om 'n persoon van die bewoning of gebruik van grond of toegang tot water wat ingevolge hierdie Wet met 'n verblyfreg verband hou teen sy of haar wil te ontnem, en het "uitsetting" 'n ooreenstemmende betekenis.